

Sondag 21 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 98:1-9

Fokusgedeelte: Psalm 98:1-9

Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, want Hy het sy heil bekend gemaak 'n Oorwinning is behaal, die vyand is verslaan! Nou roep Psalm 98 gelowiges om 'n nuwe lied vir die HERE te sing. Hierdie Psalm word dus gesing nadat God se volk 'n oorlog teen die vyand gewen het. Hulle sing hierdie lied, want die HERE is die Krygsman wat die oorwinning behaal het: "... sy regterhand en sy heilige arm het Hom gehelp" (vs 1). Hy is Israel se Verlosser wat koninklik die stryd vir hulle gestry het. "Hy het gedink aan sy goedertierenheid en sy trou aan die huis van Israel; al die eindes van die aarde het die heil van onse God gesien" (vs 3).

Ook ons het vele aanslae hier op aarde, hetsy fisies of emosioneel. In hierdie stryd moet ons terugkyk na al die oorwinnings wat die HERE vir ons moontlik gemaak het. Maar ons grootste stryd in hierdie lewe is die geestelike stryd. Dit is 'n stryd teen die sonde wat ons lewe bedreig met die ewige dood. Dis nie 'n stryd teen vlees en bloed nie, maar 'n stryd teen die Bose (vgl. Ef. 6:12).

Daar is maar net Een wat hierdie stryd kan stry en oorwinning behaal, en dit is Jesus Christus. Trouens, Hy het dit reeds gedoen. Alleen deur die geloof kan ons saam met Paulus sê: "Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus" (1 Kor. 15:57).

So roep Psalm 98 ook Nuwe-Testamentiese gelowiges op met die woorde: "Psalmsing tot eer van die HERE met die siter, met die siter en die stem van gesang, met trompette en basuingeklank; juig voor die aangesig van die Koning, die HERE!" (vs 6). Laat die ganse skepping die HERE prys vir die heil wat Hy in Christus aan ons bekend gemaak het. Hy kom weer!

Sing: Psalm 33-1:2, 6, 9

Ds. GJ Venter (Jonker) (Totiusdal)